# SUIDERSTRAND-VERENIGING

Notule van die komiteevergadering van 6 Oktober 2025
by Vleilaan 11, Suiderstrand

1. **Verwelkoming**

   Die voorsitter het almal teenwoordig verwelkom.

   **Bywoning**
   Danie Schutte (Voorsitter)
   Matilda Bester (Bemarking en kommunikasie; assistent-sekretaris)
   Gawie du Toit (Ondervoorsitter)
   Jacqueline Viljoen (Tesourier)
   Wouter Trollip (Brandbestrydingsbeampte)
   Amanda Trollip

2. **Notule van vorige vergadering**

   Goedgekeur.

3. **Finansies**

   Jacqueline Viljoen het op die komiteevergadering van 16 September te kenne gegee dat sy bereid is om as tesourier op te tree, en sy is nou op die komitee gekoöpteer en eenparig verkies as tesourier.
   - *Jaarstaat 2024/2024*. Jacqueline het dit voorberei en sal dit vir oudit aan Louise voorlê.
   - *Maandstaat September 2025*. Jacqueline sal dit voorberei..
   - *Begroting 2025/2026*. Danie het ’n voorlopige begroting opgestel en Jacqueline sal die dit finaliseer.
   - *Beheer van bankrekening*. Louis Lourens die vorige tesourier sal reël om Jacqueline toegang tot die bankrekeninge te gee.
   - *Uitstuur van fakture en erkenning van ontvangs*. Jacqueline meen dat dit doenbaar is.

4. **Brandwaentjie**

   Wouter het in die algemeen verslag gedoen, en onder andere genoem dat die brandwaentjie-begroting vir 2025/2026 R12 000 is.

   Die kwessie van ’n tuiste vir die brandwaentjie is nog steeds ’n probleem. Wouter het voorgestel dat KAM hieroor genader word. Hy sal ’n konsep van wat benodig word vir Willem gee om ’n raming te maak van wat dit sal kos om te bou, en die idee en kosteberaming kan dan aan KAM voorgelê word.

5. **Borde**

   Die inligtingsborde vir die parkeerterrein en die straatnaamborde is almal reeds gemaak en reg om opgerig te word. Die weer het die installering tydelik in die wiele gery, maar dit kan nou voortgaan.

6. **Dammetjie by die ingang**

   Ons wyksraadslid het informeel, woordeliks saamgestem met die idee, maar daar is nog nie amptelike skriftelike toestemming nie.

### 7. Nuwe naam vir R319

Ons wag nog vir KAM se amptelike skriftelike toestemming hiervoor. Daarna sal ’n meningspeiling daaroor gedoen word, en die gemeenskap sal gevra word om voorstelle te maak.

### 8. Nuwe waarskuwingsborde

Die borde maan motoriste om versigtig te ry. Op die vergadering van 16 September is daar kommer uitgespreek dat die teks op die borde nie uit ’n bewegende voertuig maklik leesbaar sal wees nie. Matilda het die borde intussen gewysig en gaan nou een laat druk. ’n Foto daarvan sal aan die gemeenskap voorgelê word vir goedkeuring.

### 9. Verandering van grondwet

Danie het die voorgestelde wysigings ten opsigte van lidmaatskap en stemreg aangebring en aan die komitee vorgelê, en dit is goedgekeur.

### 10. Meningspeiling

Nadat die nodige toestemming verkry is, sal Matilda ’n meningspeiling doen oor ’n naam vir die R319 (7 hierbo), die waarskuwingsborde (8 hierbo), en die byvoeging van die woord “bewaringsdorp” onder “Suiderstrand” op die bord by die ingang.

### 11. Parkforum

Matilda en Gawie het die vorms geteken van hulle benoeming as die vereniging se verteenwoordigers by die Parkforum.

### 12. Erkenning

Danie het ’n beeldjie deur Anne Pretorius aan die komitee gewys as voorbeeld van ’n blyk van waardering vir dienste aan die vereniging. Dit is goedgekeur.

### 13. Ander sake

Geen.